Sers. R. A. Rodriques

HOE TIMOL DOOD IS

Hofverslaggewer

Hoe Ahmed Timol (30) by 'n venster van die tiende verdieping van John Vorster-plein, polisiehoofkwartier in Johannesburg, uitgeduik het, is gister in die Johannesburgse landdroshof beskryf.

Sers. R. A. Rodriques van die Veiligheidspolisie het in die geregtelike ondersoek na die dood van Timol getuig van die harwar wat gevolg het nadat hy na bewering gemerk het dat Timol in die rigting van die venster storm.

Koffie

Op 27 Oktober het hy na Johannesburg gekom om dokumente en twee salaristjeks van kapt. Gloy en kapt. Van Niekerk na John Vorster-plein te bring.

Hy het die dokumente vir kapt. Dirker, ondersoekbeampte in die Timol-saak, na die konferensiesaal gebring. Hier het hy ook gevra waar hy vir kapt. Gloy en kapt. Van Niekerk kon opspoor.

Ongeveer halfvier die middag is hy toe met 'n skinkbord met drie koppies koffie en die twee salaristjeks na kamer 1026. Kapt. Gloy en kapt. Van Niekerk en Timol was in die kamer en hy het die koffie vir hulle gegee.

'n Rukkie later het 'n man by die kamer ingekom en gesê dat die blankes wat by die saak betrokke is, geïdentifiseer is.

Geskok gelyk

„Die naam van Quentin Jacobsen is ook deur hom genoem. Die Indiërman het geskok gelyk. Toe hy na my gekyk het, het hy verwilderd gelyk. Kapt. Gloy en kapt. Van Niekerk het opgestaan en kapt. Gloy het my gevra om in die kantoor te bly en die Indiër op te pas terwyl hulle verdere inligting gaan soek het. Ek het op die stoel regoor Timol aan die venster se kant gaan sit.

„Kort hierna het Timol gevra of hy na die latrine kon gaan. Ons het albei opgestaan. Ek het links om die tafel beweeg. 'n Stoel was egter in my pad. Terwyl ek gestap het, was my oë op die stoel gerig.

„Toe ek egter omkyk, merk ek dat die Indiër besig was om om die tafel te storm. Ek het links om die tafel probeer beweeg, maar sy stoel was in my pad. Ek het toe regs omgespring maar my stoel was toe in die pad. In daardie stadium het die Indiër reeds die venster bereik, dit oopgemaak en was hy besig om uit te duik. Ek het oor my stoel geval. Ek kon hom nie aanraak nie en hy het reeds gespring voordat ek hom kon keer."

Misverstand

Hierna het sers. Rodriques by die venster uitgekyk en iemand onder langs die gebou sien lê. Hy het toe dadelik na kol. Greyling se kantoor gehardloop om te rapporteer. Saam met ander mense het hulle toe ondertoe gegaan.

Op 'n vraag van adv. I. A. Maisels, wat die Timol-gesin verteenwoordig, het sers. Rodriques gesê dat hy dieselfde middag na die gebeure 'n onderhoud met majoor Fick gehad het en die volgende dag met gen. I. Buys. Daar is egter tydens die onderhoude geen notas gemaak nie. Op 11 November het sers. Rodriques 'n beëdigde verklaring afgelê. Adv Maisels: „Het enige offisiere gevra wat gebeur het?" — „Ja, en ek het aan hulle presies dieselfde vertel as in my verklaring."

Adv Maisels: „Het Timol ooit na die deur gemik?" — „Nee, ek het hom dit nie sien doen nie." Hierop het adv. Maisels daarop gewys dat kapt. Gloy en kapt. Van Niekerk in hul getuienis gesê het dat Rodriques aan hulle sou vertel het dat Timol gemaak het of hy na die deur beweeg en toe omgespring en na die venster gestorm het. Rodriques het hierop geantwoord dat hy dit nie gesien het nie en dat dit 'n misverstand moet wees.

Adv. Maisels: „Nadat jy die koffie en die tjeks vir kapt. Gloy en kapt. Van Niekerk gegee het, hoe lank was jy nog daar en wat het jy gedoen?"

Rodriques: „Ek was ongeveer 20 minute daar en ons het gesels. Daar is ongeveer twee vrae aan Timol gevra en kapt. Gloy het notas daarvan gemaak." Sers. Rodriques het voorts gesê dat hy en Timol ongeveer vyf minute alleen was voor Timol gespring het. Hy het ook gesê dat hy baie geskok was na die voorval.